

Onwettige sigarette ter waarde van R10 miljoen as sneespapier verklaar

Tshwane, 5 Augustus 2021 - Doeanebeamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die afgelope naweek in die Durbanse hawe onwettige sigarette, ter waarde van R10 miljoen en as sneespapier verklaar, gekonfiskeer.

Hierdie Durbanse beslaglegging volg op 'n operasie in Kaapstad a paar dae gelede waar onwettige sigarette ter waarde van R6 miljoen gekonfiskeer is, wat die totale waarde van die twee beslagleggings op R16 miljoen te staan laat kom.

Die beslaglegging in Durban is gebaseer op inligting ontvang oor 'n laaikis wat uit 'n Oos-Asiese land ingevoer is en waarvan die inhoud valslik as sneespapier verklaar is.

Vanweë die onlangse onluste in KwaZulu-Natal, was die vaartuig vertraag en buite die hawe geanker en is die laaikis eers op die 16 Julie 2021 vrygestel. Nadat die laaikis egter van nader bekyk is op die Transnetstelsel, is bevind dat die laaikis onwettige sigarette bevat, wat ook nagemak kon wees.

Net na die onluste was daar 'n vertraging met Transnet se sentrale stelsels, wat tot verdere vertraging by die hawe gelei het. Namate die hawe geleidelik herstel het, is die laaikis vrygestel op 28 Julie 2021.

Na 'n moeisame soektog op 19 Julie 2021, is dit vasgestel dat die vrag afgelewer is by 'n stoorfasiliteit op die Old North Coast pad in Glen Anil. 'n Lasbrief is op 30 Julie uitgereik deur die Verulamse Magistraatshof en SARS het die perseel betree. Binne die pakhuis was 950 meester kratte Pacific 14 mg sigarette (onwettige produk) en 50 bokse sneespapier.

Die goedere is in beslag geneem en by die SARS-staatspakhuis gedeponeer. 'n Kriminele saak is by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanhangig gemaak en die ondersoek duur voort.

SARS-kommissaris het die determinasie van die doeanebeamptes lof toegeprys, omdat hulle die pakhuis kon binnekom ten spyte van die kans.

"Ons doeanebeamptes verstaan die belangrikheid van die voorkoming van onwettige goedere, soos sigarette, wat Suid-Afrika binnekom omdat dit plaaslike industrië vernietig en bydra tot die verlies van werksgeleenthede.

"Hulle optrede is bewys dat SARS geen nienakoming deur enige belastingpligtige of handelaar sal duld nie en dat ons dit moeilik en duur sal maak vir diegene wat opsetlik ons land se wette oortree," het mnr. Kieswetter bygevoeg.